**10 Desember** **Skrifgedeelte: Jesaja 11:1-10**

**Fokusgedeelte: Jesaja 11:1**

## Die uitspruitende takke

Die Takkie uit die droë stomp staan teenoor die digte takke en die hoë bome van die bos. "Maar dan sal die Here, die Almagtige, die takke van die bos, Assirië, met geweld afkap" (10:33). Die Here se oordeel sal oor die menslike grootheid van die wêreldryk gaan ... en as die groot stilte ná die afkapping van die bos oor alles hang ... dan sal God se wonderlike werk sigbaar word.

Hy begin nie met 'n magtige boom nie; Hy begin met 'n stomp wat skynbaar geen lewenssap in hom oor het nie: die dooie stomp van die huis van Isaï, Dawid se vader. Watter toekoms is daar vir so 'n stomp?

Wat egter vir mense onmoontlik is, dit doen die lewende God. Hy laat 'n loot uit die verdroogde wortels vrug dra. Hierdie Takkie het geen gestalte of heerlikheid gehad dat ons Hom sou begeer nie. Tog was Hy die Messias, die Geesgesalfde van God; sy heerlikheid was die heerlikheid van 'n krip en 'n kruis. Hy bring God se Vrederyk. In Hom sal die Nuwe Wêreld van God inbreek in hierdie ou wêreld in.

Tog is juis Hy nou nog in hierdie wêreld van menslike magsvertoon die Gesmade, Veragte en Gekruisigde – al is Hy bokant alle hemele verhoog. Laat ons dan na Hom toe gaan buite die laer en sy smaad dra (Heb 13:13).

*Sing: Skrifberyming 4-8:1, 2* *Dr. PP Kruger (Meyerspark)*